



Sondag 11 April 2021

Ds. Johann Winterbach

Tweede Sondag in Paastyd

Efesiërs 2:11-22

“Die KRUIS van gister – ook vir vandag en môre”

WELKOM & SEËN

Geliefdes, vandag is die tweede Sondag in Paastyd. Verlede Sondag het ons Jesus Christus se opstanding uit die dood gevier en dit bly ons fokus tot en met Hemelvaart. En juis daarom wil ek vir elkeen van julle wat aan God behoort, in Jesus Christus glo en vanuit Sy opstanding leef, groet met die woorde: Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

Jy is nou, waar jy ook al is, welkom in God se teenwoordigheid...

GEBED

Jesus, ons Here, ons loof U as die Een vir wie die graf nie gevange kon hou nie.

Ons loof U en aanbid U omdat U sterker is as die bese en die dood.

Dankie!

Dankie!

Dankie, dat ons daarom kan weet dat ons vir niks hoef bang te wees nie

– want U lewe en U is met ons al die dae... tot wanneer U ook vir óns opwek!

O Here, wat die dood oorwin het
en tot in alle ewigheid leef,
ons vier vandag sowel die misterie van U reddende liefde
as die majesteit van U opstanding.

Help ons asseblief om te lewe, deur U lewe...

En help ons om ook vanoggend lewe te vind in U woord.

Amen

GEOOFSBELYDENIS

Ons glo in die GOD VAN HOOP,

God die Voorsiener wat ons al van die skepping af versorg en vashou.

Ons glo in die GOD VAN VREDE,
in Jesus Christus wat in nederigheid eerder kniel en voete was
as om te veroordeel en te beskuldig.

Ons glo in die GOD VAN VREUGDE
omdat ons saam met Jesus nou met nuwe lewe
uit die graf uit die lewe in kan dans.

Ons glo in die GOD VAN LIEFDE,
wat nie die dood sou ontsien
om vir ons hierdie groot liefde te bewys nie.
Amen.

INLEIDING

Vriende, seker een van die bekendste simbole in die kerk (en dalk die wêreld) is die teken van 'n kruis. In elke kerkgebou is daar 'n kruis, op 'n koppie of berg buite baie dorpe en stede is daar verligte kruise, mense dra klein goue/silwer/hout kruisies om hulle nekke as juweliersware – 'n mens sien selfs kruise agter op motors geplak en op huise se voordeure...

Let 'n bietjie op hoeveel kruise sigbaar is daar waar jy elke dak loop en ry en bly.

Maar waarvoor staan die kruis – wat beteken dit vir mense?

Watter waarde of nut het die teken of die simbool van die kruis vir mense, vir jou?

Met Paasnaweek en veral Goeie Vrydag nog vars in ons geheue, is dit seker maklik om nou hierdie vraag te kan antwoord. Die meeste mense in die tradisioneel Christelike lande sal vir jou 'n antwoord kan gee oor die betekenis van Jesus wat sterf aan die kruis. Hulle sal vir jou kan antwoord dat die kruise wat ons sien en wat ons dra en wat ons op ons mure sit, ons herinner aan Jesus se kruisiging.

En dit is natuurlik reg.

Ek wonder egter wat daardie selfde mense (ons) sal antwoord as iemand ons so bietjie verder uitvra oor die betekenis van die kruis... Wat sal ons dan antwoord, wat sal ons sê as iemand meer wil weet – hoe sal ons dit verduidelik?

Die kruis is dié bekendste Christelike simbool wat daar is. In die eerste drie eeue na Christus, is die kerk wreed deur die Romeinse ryk vervolg. Konstantyn (306-337nC) was egter die eerste Romeinse keiser wat 'n Christen geword het. Die verhaal word vertel dat Konstantyn tydens sy geveg met Maksentius 'n visioen van 'n kruis gesien het met die woorde “met hierdie teken sal jy oorwin”.

Die kruis wat vir eeue as 'n vloekhout gesien is (sien Gal 3:13) en vir die Jode 'n aanstoot was (sien 1Kor 1:23), het nou 'n teken van oorwinning en die simbool van die Christendom in die Romeinse ryk geword.

Die betekenis van die kruis word ook baie mooi duidelik in Efesiërs 2:11-22. Jesus se dood aan die kruis en sy opstanding (as ons van die kruis praat, impliseer ons altyd daarmee saam Jesus se opstanding!) het alles kom verander.

SKRIFLESING

Efesiërs 2:11-22

Hou dan in gedagte wat julle vroeër was. Van geboorte was julle heidene, en julle is “onbesnedenes” genoem deur dié wat hulleself “die besnedenes” noem, al is die besnydenis net mensewerk aan die liggaam. In dié tyd was julle sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld.

Maar nou is julle een met Christus Jesus. Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus. Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het.

Die wet van Moses met al sy gebooe en bepalinge het Hy opgehef, en deur vrede te maak, het Hy in Homself dié twee, Jode en nie-Jode, tot een nuwe mensheid verenig. Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en dié twee met God versoen en tot een liggaam verenig. Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God was, vrede ook vir dié wat naby was. Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader.

Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God. Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is. In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here, in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike tuiste waarin God woon.

VERKONDIGING

Daar is 'n paar goed wat ons in gedagte moet hou as ons die betekenis van vanoggend se teks wil verstaan:

- Een van die redes waarom Efesiërs vir ons vandag so belangrik is, is omdat dit vir 'n oorgangstyd geskryf is. Dit was 'n periode waarin die radikale boodskap van Christus gelowiges uitgenooi én uitgedaag het om nuut te dink oor hul geloof en die implikasies daarvan vir hul daaglikse lewe.
- Die sosiale en politieke omstandighede was, soos vandag, uiters gespanne. Teen hierdie agtergrond vind die skrywer dit gepas om sy gehoor heel eerste te herinner aan wie hulle is en Wie s'n hulle is! Die eerste 3 hoofstukke – die helfte van die brief word hieraan gewy – die herinnering aan hulle nuwe identiteit in Christus!
- In die laaste 3 hoofstukke word die lesers en hoorders weer begelei in die praktiese en daaglikse implikasies van hierdie nuwe identiteit in hulle verhoudings en omstandighede.
- In die Efesiërs-brief gaan dit egter in die eerste plek oor die lewende God en hoe Hy by mense en hulle daaglikse lewe betrokke is – dit gaan daaroor dat die helende krag van God se genade en liefde vir almal beskikbaar is! En Jesus se kruisiging en opstanding staan natuurlik sentraal in elke argument of punt wat gemaak word.

Een van die hooftemas in die brief is eenheid, veral tussen Jode en nie-Jode, maar ook tussen alle gelowiges. En eenheid is nie moontlik sonder versoening nie.

Soos ons gewoon is, bou Paulus 'n oortuigende argument op om aan ons te verduidelik hoe versoening bewerkstellig word. Volgens Paulus speel die kruis hierin die kardinale rol.

Paulus se argument verloop soos volg:

Hy stel hoe hulle (ons) vroeër was (v11) teenoor hoe hulle (ons) nou is (v13)

Vroeër (voor die kruis)

Was nie-Jode (heidene/onbesnedenes/ons) uitgesluit van God se verbondsvolk en Sy beloftes. Jy moes van geboorte 'n Jood en besny wees om deel van die volk van God te wees.

Mense was ver van God (het nie direkte toegang tot God gehad nie).

Mense het in vyandskap met God geleef as gevolg van hul sonde.

Mense was sonder hoop en sonder God in die wêreld.

God was slegs in die tempel en deur wetsonderhouding te vind.

Maar nou (deur die kruis)

Word alle mense (ook ons) ingesluit in God se verbondsvolk en het hulle (ons) deel in Sy beloftes.

Nou word Jode en nie-Jode verenig in een nuwe mensheid.

Nou, deur die kruis, word die vyandskap tussen God en mense beëindig (daar kom herstel!).

Nou word die skeidingsmuur afgebreek tussen God en mense. Deur die Gees is daar nou vrye toegang tot God.

Jesus, deur sy kruis, bring nou vrede en versoening vir ons sondes (die prys is betaal – Kol 2:14)

God is nou (na die kruis) nie meer ver nie, maar het naby gekom.

Gelowiges word nou die huisgesin van God.

En nou woon God in hierdie geestelike huis – God woon nou in elke gelowige!

Is dit nie wonderlike nuus nie! En dit is alles moontlik gemaak deur Jesus se kruisiging en opstanding!

Deur die brief aan die Efesiërs help Paulus ook vir ons om te verstaan wat die KRUIS ín ons lewe en vir ons lewe beteken!

Deur die kruis is ons – VRYGEMAAK.

Deur die kruis is ons – STRAF GEDRA.

Deur die kruis is ons – ONS WELKOM BY GOD (kan ons kom na die Vader).

Deur die kruis – WORD ONS NUWE MENSE!

Met ander woorde die kruis bepaal wie ons is in Christus! Ons het 'n nuwe identiteit, ons is nuwe mense – ons IS anders as wat ons was voor Jesus se kruisiging. En hierdie nuwe identiteit bepaal ook nou ons gedrag en ons fokus in die lewe.

Kom ons raak dan nou vir 'n oomblik so bietjie prakties...

Wat beteken dit vir jou om vanoggend weer te hoor wat jou ware identiteit in Christus is?

Wat beteken dit vir jou om te hoor dat Jesus se kruisiging, versoening tussen jou en God én versoening tussen jou en ander mense moontlik maak?

Wil jy so bietjie hieroor dink...

Versoening, herstel verhoudings en versoening bring vrede tussen twee partye.

Wil jy dalk vandag, met alles wat jy gehoor het, ook dink aan 'n verhouding of situasie in jou lewe waar versoening met God nodig is?

Of dalk wil jy net vandag die implikasie van Jesus se kruis op jou lewe, bedink en met die Here daaroor gesels. Want as ons nie dit doen nie, dan bly die simbool van die kruis om jou nek of op jou voordeur of teen die muur in iemand se huis, net 'n mooi simbool.

Die kruis van gister is egter ook die kruis vir vandag en môre - die kruis wat elke dag die verskil in ons lewe maak...

Amen

TYD VIR REFLEKSIE EN STIL GEBED

Gebruik nou die tyd om weer rustig na te dink oor die plek wat Jesus se kruis in jou lewe het. Gesels daaroor met die Here en vra ook vir Hom om jou te help met daardie situasies waar daar versoening in jou lewe nodig is.

SEËN

Die genade van ons Here Jesus Christus – die Opgestane Gekruisigde,
en die liefde van God – ons Goeie Vader,
en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly...